Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

**HYMEN W. J. PICARD: Man of Constantia** (Cape Town, 1973), pp. 300.

Goewerneur Simon van der Stel (1679 - 1707) is een van die hoofamptenare van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie wat in ons vaderlandse geskiedenis 'n besondere mate van bekendheid verwerf het.

Op ekonomiese gebied het die goewerneur, wat sowel administratief as militêr die hoogste gesag in die Kaapkolonie beklee het, daarin geslaag om die kolonie met betrekking tot die produksie van koring selfonderhoudend te maak.

Van der Stel was die stigter van Stellenbosch en tydens sy bewind is die blanke bevolking deur die koms van ongeveer 150 Kalvinistiese immigrante, bekend as die Hugenote, versterk. Geleidelike uitbreiding van die nedersetting het tydens sy bestuur plaasgevind, terwyl die goewerneur tewens daarna gestrewe het om die patriotisme en saamhorigheid onder die koloniste te versterk. Tewens het Van der Stel 'n gedenkwaardige ekspedisie na Namakwaland onderneem, daar na koper gesoek en op dié wyse ook sy belangstelling in die rykdomme van ons bodem getoon.

Hierdie en ander aspekte van Simon van der Stel se bedrywighede aan die Kaap en elders het een van ons bekendste historici, dr. Anna J. Böeseken, aangespoor om deur nougesette navorsingswerk 'n vollediger beeld van die goewerneur en sy kinders te verkry.

Uit hierdie begeerte en die vrugbare navorsing wat hieruit voortgevloei het, het dr. Böeseken se publikasie **Simon van der Stel en sy Kinders** ontstaan.

Geskiedkundig sowel as kultuurhistories beskou, is hierdie werk 'n belangrike aanwins en vul dit 'n sterk gevoelde leemte in ons kennis aangaande die mens en amptenaar Simon van der Stel en sy onmiddellike nageslag op 'n voortreflike wyse aan.

In die geval van hierdie werk het die skryfster volgens die hedendaagse norme van die historiese wetenskap te werk gegaan. Die objektiwiteitsbeginsel is streng deurgevoer en daar is slegs op grond van genoegsame. betroubare boustowwe, tot bepaalde gevolgtrekkings gekom.

Op dié wyse het **Simon van der Stel en sy Kinders** inhoud en gestalte verkry en is die verhaal vertel soos 'n historikus dit sal doen, nadat hy of sy die bronne eers nougeset bestudeer, en hulle daarna met sekere, algemeen erkende tegniese hulpmiddels bewerk het.

In verband met Simon van der Stel wat 'n deel van sy lewe in die Ooste [1639 -1660] deurgebring het, van 1660 - 1679 in die Nederlandse Republiek vertoef het en van 1679 - 1712 in ons land, m.a.w. aan die suidpunt van Afrika, gewoon en gewerk het, lê die bronne versprei.

Tewens moet rekening gehou word met die feit dat die hooffiguur van die verhaal se lewensgeskiedenis teen uiteenlopende agtergronde gesien moet word. Die oudste is dié van sewentiende eeuse Nederlandse "eilande" in die "oseaan" van die Ooste. Daarna volg die verblyf in die Nederlandse Republiek (1660 - 1679) en ten slotte die langdurige verblyf in 'n jong, deur blankes beheerde nedersetting wat in sy wordingstadium verkeer as 'n kolonie met 'n geleidelike ontplooiende eiesoortige identiteit aan die Suidpunt van Afrika.

Dit is 'n voorreg wat slegs 'n geringe aantal historici te beurt geval het om die nodige tyd en geleentheid te vind om hulle as't ware in hierdie dikwels uiteenlopende agtergronde in te werk. Die historikus, wyle prof. dr. E. C. Godée Molsbergen, wat 'n tydlank aan die huidige Universiteit van Stellenbosch verbind was en tewens sowel in Batavia, Djakarta as in Nederland en België werksaam was en navorsingswerk verrig het, was een van hierdie bevoorregtes. In dr. Boëseken se geval geld, wat navorsing betref, dieselfde.

Die skrywer van **Man of Constantia,** Hymen W. J. Picard, verkeer in dieselfde gelukkige omstandigheid. Sy universitêre opleiding, onder meer in geskiedenis, lê in Nederland. Ver-

volgens het hy joernalistieke werksaamhede in die toenmalige Oos-Indië verrig. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hy 'n aantal jare in Japanse konsentrasiekampe deurgebring om in 1946 tot blywende vestiging in ons land oor te gaan.

Tydens die afgelope paar jaar het die skrywer hom op 'n studie van ons verlede, met name van 'n deel van die geskiedenis van Kaapstad **Gentleman's Walk and Grand Parade** toegelê en die bewoners van die Kaapstadse Kasteel gedurende die Nederlandse bestuurstydperk in sy **Masters of the Castle** beskryf.

Sy jongste werk, **Man of Constantia. A biographical novel on the life of Simon van der Stel,** beteken nie alleen 'n nuwe rigting in die outeur se werk nie, maar terselfdertyd 'n nuwe benadering van die verlede.

Aangaande die vorm van sy jongste werk verklaar die skrywer dat dit afwyk van "that of the historical novel in the pure sense of the word" [p. vii]. Die rede hiervoor is, in die outeur se woorde dat terwyl hy Simon van der Stel en sy tyd bestudeer het, hy soveel nuwe feite ontdek het "that only occasionally was my imagination required to obtain a comprehensive picture of his fascinating personality and the world in which he lived and worked. This is the reason why this book did not turn into the work of historical fiction I had expected it to be, but into a biography." Hy voeg hieraan toe:

"Whoever wants to classify **Man of Constantia** is welcome to call it a romanticized life story, but should bear in mind that facts far overshadow fiction" [p. vii].

Nadat ek die werk gelees het, kan ek my ten volle met hierdie uiteensetting vereenselwig. Dieselfde geld vir die volgende uitlating van die outeur dat die werk gesien moet word as die verhaal van twee mense en hul omgewig wat hul lewens- en liefdesverhaal teen die agtergrond van die Nederlandse "goue eeu" vertel [p. viii].

En hieraan kan die volgende motiewe van die skrywer toegevoeg word. Allereers die professie van Monica Dacosta in verband met Simon van der Stel se lewensloop, soos in 1646 deur haar uitgespreek in Batavia: "Your destiny will be good . . . you shall succeed where your father will fail. You shall bring peace and beauty to a wild country, and lay a bridge between the East and West that will stand solidly and securely throughout the centuries. You shall achieve this, but the path you are bound to follow will be long and arduous" [p. 5 - 6].

Hieraan kan Simon van der Stel se uitspraak van 1659 teenoor admiraal Pieter Sterthemius toegevoeg word:

"I believe in myself . . . I have a purpose in life, a certain road to follow and I shall do so. The road is not the one taken by others who gradually ascend in the ranks of the Company. My destiny is different, I know." [p. 412].
En op die vraag wat "destiny" is, lê die skrywer die volgende gedagtes in die mond van die reeds genoemde admiraal;

"Constantia believes in a divine plan not only for mankind as a totality, but for each and every man and woman individually. That is what she calls destiny . . ." [p. 43].

Daar is reeds verklaar dat die historikus en die skrywer van die historiese roman of biografie, net soos die historikus, tydens die voorstudie dieselfde bronne bestudeer en hulle met dieselfde tegniese hulpmiddels bewerk. Maar, so merk prof. dr. S. Dresden, tereg op: Sy doel is anderste en hy gaan in 'n ander rigting.

In haar artikel "Inzicht in een historische roman" [**Ons Erfdeel** 1/73, p. 74 e.v.] merk Helma Wolf-Catz in dié verband en na aanleiding van 'n uitspraak van Sheppard in sy studie **The art and practice of fiction** op dat die skrywer van 'n historiese roman as't ware deur 'n betowerde tuin stap van sy eie jeug en van dié van die jeug van die wêreld wat verbygegaan het. Verder verklaar dieselfde skryfster dat die skrywer van die historiese roman nie alleen die sprokie in die verlede soek nie, maar meesal ook 'n konflik stel.

Hierdie kenmerke het ek sterk in Picard se jongste werk teengekom. Wat my ewenwel besonder sterkgeboei, ja aangegryp het, is sy deeglik verteerde agtergrondkennis wat oor gedeeltes van drie wêrelddele in die sewentiende eeu uitstrek. Hierdeur het hy, teen die agtergrond van feite, lewende persone geskep wat — geplaas in hulle eie tyd en hulle eie omgewing, mense van vleis en bloed geword het en só in ons herinnering sal voortlewe.

Simon van der Stel en Constantia sal in my gedagtes bly. Die byfigure sal nie vervaag nie en bo dit alles is, vir almal wat in die boeiende verhaal 'n rol speel, die vraag aangaande die lotsbestemming van die mens gestel, 'n vraag waarop die skrywer Monica Dacosta laat antwoord:

"Dutchmen never speak about destiny" [p. 5]. Waarop Simon van der Stel sê: "Father never mentioned that word when he taught me history and geography on the island."

Dié leser wat die verskil in bogenoemde benaderings van die verlede verstaan en dié verskille eerbiedig, raai ek aan om **Man of Constantia** te lees en te herlees. Dit bring terselfdertyd ook weer die ou vraag te berde wanneer geskiedskrywing, in die ruimste betekenis van die woord, 'n wetenskap of 'n kuns, of albei behoort te wees.

— Jan Ploeger

---

**DAVID BEVAN, FRGS, FBSC: Drums of the Birkenhead,** Purnell: Cape Town, Johannesburg, London, 1972, pp. 190, met afbeeldings. Prys: R5,50.

"She was entirely alone in her agony, just as much isolated by the suddenness of her ruin as if wireless telegraphy had not existed." Hierdie gedagtes, deur die redakteur van "The Times" uitgespreek in 'n hoofartikel wat hy na aanleiding van die "Titanic"-ramp (15-16 April 1912) geskryf het, bly — wat die eerste gedeelte betref — steeds deur die leser van **Drums of the Birkenhead** se gedagtes flits.

Nog 'n punt van vergelyking wat, in dieselfde verband, die leser tref, is die groot mate van lojaliteit, moed, kameraadskap en selfbeheersing wat, sowel ten tye van die sink van die "Birkenhead" (1852) as tydens die ondergang van die "Titanic" (1912) geopenbaar is en sowel oorlewendes as tydgenote diep getref het.

In sy voorwoord tot **Drums of the Birkenhead** het brig. G.R.P. Roupell, V.C., C.B., D.L., in dieselfde verband opgemerk:

> **It is interesting to realise that those qualities which are so essential for a soldier to possess on the battlefield, namely loyalty, courage, comradeship and self-control, may be, and often are, equally essential at sea, either in combat with the enemy or in facing a natural disaster.**

Hierdie begeerlike eienskappe, wat ongetwyfeld in elke mens sluimer, kom, in die uur van gevaar, sterk tot uiting en kan, soos die skrywer tereg opmerk, tot die hoogste trap van heldemoed, t.w. selfopoffering, lei.
Van hierdie soort heldemoed getuig die skrywer soos volg:

> **For men who do this, there is no chance and no hope. They have time to think and they are perfectly aware of the deed they are doing. This is heroism that is impossible to equal. Heroism whose shining light wears the years with undiminished brightness** (p. 3).

Hierdie boek is gedeeltelik in die lig van hierdie opvatting van heldemoed geskryf. Dit het as 't ware die fondament geword waarop die skrywer sy verhaal gebou het, maar ver bokant sy verering van die held styg die algemeen menslike uit. Dit is 'n verhaal van 'n groep soldate wat, wanneer hulle plotseling in 'n noodtoestand geplaas word, op 'n bepaalde wyse, doelbewus reageer en bereid is om — soos een man, hul lewens op te offer opdat hul medemense, hul mede-passasiers, die kans sal kry om voort te lewe, om verder dié lief en leed, dié vreugdes en dié verdriet te smaak wat die lewensloop van elke sterweling kenmerk.

Die „Birkenhead", 'n yster-wielstoomskip, het in 1845, op die skeepwerf van die firma Laird, Birkenhead, van stapel geloop en was een van die modernste skepe wat gebou is op 'n tydstip waarop die stryd in verband met die voor- en nadele van hout- en ysterskepe kort vantevore tot 'n oorwinning vir laasgenoemde soort uitgeveg is.

Aanvanklik bedoel as 'n oorlogskip, is die „Birkenhead" as 'n Britse troepeskip ingerig [tekening : pp. 28—29].

Met 'n lengte van 210 voet, 'n tonnemaat van 1 400 en geriewe vir 500 troepe, was die „Birkenhead", 'n ysterstoomboot [fregat] een van die grootste stoomskepe waaroor die Britse regering beskik het.

Met 'n grensoorlog in die Kaapkolonie aan die gang, het die Britse regering besluit om